Laserus

Lukas 16:19 – 31 **Lees!!!**

Luk. 16:25 "Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy **jou goeie dinge in jou lewe ontvang** het, en so ook **Lasarus die slegte**. En nou word **hy getroos**, maar **jy ly smarte**."

Hierdie gelykenis van **Laserus** en die **ryk man** is vir ons 'n baie treffende boodskap, Want hierdie gelykenis handel oor die **misterie** van die dood. Dit handel oor die **verborgenhede** van die dood.

Deur hierdie gelykenis word die **gordyn** vir ons **effens oopgetrek**, sodat ons kan sien hoe lyk die **lewe anderkant die graf**.

******

Daar was twee persone; 'n **ryk man** en 'n **bedelaar**.

Die **ryk man** het alles in hierdie lewe **gesoek** en **begeer**, behalwe die **ewige lewe**. Hy het hom aan alles toegewy wat in verband staan met sy aardse lewe, maar hy was **nie bekommerd** oor die **dag** van die **dood** nie.

Sy lewe was **prag** en **praal**, vol **vreugde** en **plesier**, sonder **kommer** en **sorg**, hy het alles gehad wat sy hart begeer het.

Daarteenoor was Laserus, 'n **bedelaar**, 'n **boemelaar**, vol **swere**, **honger** en **onversorg**. Die mense het hom **vermy**, hy was 'n uitgeworpene, behandel as 'n vervloekte.

Hy het in die **poorte** van die **ryk man gelê**, wagtende en verlangend na die genadigende verlossing deur die **dood**.

Die ryk man het gelewe om te **eet** en om te **lewe**. Laserus het **gelewe** om te **sterwe**.

Beide van hulle **moes sterf**, alle mense moet sterf. Daar is nog geen wondermiddel ontdek wat kan **verhoed** dat mense sterf nie, en daar sal ook tot in **alle ewigheid** nooit so 'n **middel ontdek** word nie,

Want **alle mense is sondaars**; en die **loon** van die **sonde** is die **dood**. (Rom 6: 23)

So het **albei** van hulle tot **sterwe gekom**, die ryk man en Laserus.

Dalk was daar **baie mense** by die **sterfbed** van die **rykman**, hoeveel weet ons nie, ons weet hy het **vyf broers** gehad, ons weet nie wie almal daar was nie, maar ons weet: "**God was nie daar nie**." Die **Engele van God** was nie daar nie.

Laserus was heel waarskynlik **alleen by sy dood**, miskien het 'n verbyganger opgemerk hy lewe nie meer nie, dalk was daar **niemand** om oor sy **heengaan te treur** nie.

Maar dit sou hom **weinig hinder**, want die Engele van God het **gereed gestaan** om sy **siel** met vreugde weg te dra na '**n ewige tuiste**, na 'n plek van ewige **vrede** en **vreugde**, na 'n **ewige rus**.

Hy sou nooit weer **dors** kry nie, hy sou nooit weer **honger** word nie, hy sal vir **ewig eet** van die brood van die lewe en **water drink** uit die fontein van die lewe.

Sy dae van **moeite** was verby, sy dae van **honger** en **dors** was verby, sy dae van **swaarkry** en **smarte** was vir ewig verby, voor hom het 'n **ewigheid** van **heerlikheid** gelê.

*****

Alle mense wat sterwe moet begrawe word.

Ons kan sekerlik aanvaar die ryk man was begrawe **soos hy gelewe het**, met **staatsie**, **prag** en **praal**. Daar was moontlik 'n twee uur lange kommentaar oor sy **lewe** en alles wat hy **vermag** het. **Toespake** om vir almal te vertel wat 'n wonderlike mens hy was.

Die Woord van die Here sê Laserus was deur die **Engele van God weggedra** na die **boesem van Abraham**. Of hulle Laserus met liggaam en al weggeneem het, weet ons nie.

En of dit net die **siel** van Laserus was wat deur die **Engele weggedra** is na die boesem van Abraham weet ons nie verseker nie, maar ons weet Laserus het hom aan die **boesem van Abraham** bevind.

Nêrens lees ons dat **Laserus begrawe** is nie, maar die Woord sê: "Toe die **ryk man sterf** is hy **begrawe**."

Ons moet besef, die graf is nie die **einde** nie, daar is '**n lewe** na hierdie **aardse lewe**.

Laserus is deur die **Engele weggedra** na die **boesem van Abraham**, die ryk man bevind hom in die **doderyk**.

Wanneer hy sy oë van **ver af opslaan**, sien hy Abraham van ver af met Laserus aan sy boesem.

Laserus vind **troos**, hy het **rus**, hy is vir **ewig verlos** van sy **aardse lyding**, **nooit weer** sal hy nodig hê om **te bedel** nie.

Maar die ryk man ontwaak in ‘n plek van **ewige pyn**. Die Woord van die Here sê hy was in **smarte**, die **pyn** sou nooit weer van hom **wyk** nie.

Hy begin sy nuwe lewe in die ewigheid, **as** ‘**n bedelaar**; hy smeek Abraham om hom net ‘n druppel water te gee.

Wat ‘n **kontras**, wat ‘n **ontnugtering** moes dit nie vir die ryk man gewees het nie. Laserus in die **weelde** van die Koninkryk van God, hy sing en jubel, terwyl die ryk man in **pyn** en **smarte** verkeer.

Luk. 16:24 “En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en **stuur Lasarus**, dat hy die **punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel**; want ek **ly smarte** in hierdie **vlam**.
:25 Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy **jou goeie dinge in jou lewe ontvang het**, en so ook **Lasarus die slegte**. En nou word **hy getroos**, maar jy **ly smarte**.”

Hoe **dringend ernstig** is hierdie boodskap nie, daar is wel ‘n **hel**, daar is ‘n plek van **smarte**, daar is ‘n **ewige vuur**.

Mark. 9:43 “En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en **in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur**,
:44 waar hulle **wurm nie sterf** en die **vuur nie uitgeblus** word nie.
:45 En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en in die **hel** gewerp te word in die **onuitbluslike vuur**,
:46 waar hulle **wurm nie sterf** en die **vuur nie uitgeblus** word nie.
:47 En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en in die **helse vuur gewerp** te word,
:48 waar hulle **wurm nie sterf** en die **vuur nie uitgeblus** word nie.”

Baie duidelik gee die Woord van die Here vir ons hierdie **voorstelling** van die **hel**, ‘n **ewige vuur** wat **nooit uitgeblus** sal word nie, hulle **wurm** sal nie **sterf** nie, daar sal **nooit ‘n einde** aan die **smarte** kom nie.

In hierdie gelykenis sien ons die **vergeldende geregtigheid** van God. Die **vergelding** van die **genade** tot Laserus en die **velgelding** van die **sonde** tot die ryk man.
Wat ‘n **bittere smarte** is dit nie,**so erg** dat hy **uitroep** en **Abraham smeek** om Laserus te stuur om net die punt van sy vinger in water te druk en sy **tong daarmee te verkoel**.

Hy vra nie ‘n **beker vol water** nie, hy vra nie ‘n **glas vol water** nie; nee!!, hy smeek om net **een druppel water** te kry. Sy siel roep om verkwikking, hy verkeer in brandende smarte, en **pyn** en **ellende**.

As hy maar net **een druppel water** kon kry, as hy maar net daardie **effense lafenis** kon smaak. Maar self daardie geringe verkoeling word nie aan sy gefolterde siel toegestaan nie, dit word hom **nie gegun nie**.

Geliefdes, dit wat die **siel** van die **verlore mens** in die **ewige hel** moet deurmaak moet **iets verskrikliks** wees, dit moet die **ergste foltering** wees wat ‘n mens hom nie eers kan voorstel nie.

En die ergste van alles is: Daar kan **nooit weer ‘n einde** aan al daardie **smarte** kom nie. Die **hel** het nie ‘n **uitgang** nie, daar is net ‘n **ingang**.

Hier op **aarde** kom alle dinge tot ‘n einde, maar in die **ewigheid** is alle dinge tot in ewigheid. Waar jy ons ookal gaan wees, **sal tot in ewigheid** wees.

Daar sal geen **ommekering plaasvind** nie, die **omkeer** moet hier op die **aarde** plaasvind. Wanneer ons hierdie tydelike verlaat het, kan daar nie meer ‘n verandering in jou destenasie plaasvind nie. Die **verandering** moet **nou plaasvind**.

Terwyl die **verlorene** in die **helse vuur** in smart en pyn en lyding verkeer, **ontspan Laserus rustig** en **kalm** aan die **boesem** van Abraham.

Dit het dieselfde betekenis as die **Paradys** waarvan Jesus aan die **kruis** gespreek het tot die **veroordeelde moordenaar**.

Luk. 23:43 “En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die **Paradys** wees.”

Ons kan ons dus met hierdie **gedagte vertroos**, dat **elkeen** wat in die **Here sterf**, oorgaan in die **ewige heerlikheid** van die **Paradys** van God.

1Thess. 4:14 “Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so **die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring**.”

1Thess. 4:16 “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat **in Christus gesterf het**, sal **eerste opstaan**.
:17 Daarna sal ons wat in die **lewe oorbly**, saam met hulle **in wolke weggevoer** word die **Here tegemoet** in die lug; en so sal **ons altyd by die Here wees**.
:18 **Bemoedig** mekaar dan met hierdie woorde.”

Ons dank die Here vandag vir die **bemoediging** van hierdie **woorde**. Indien ons in die **Here ontslaap**, het ons die **versekering** van die **ewige lewe**. Ons hoef **nooit daaroor te twyfel** nie.

1Joh. 5:13 "Dit het ek geskrywe aan julle wat **glo** in die **Naam** van die **Seun van God**, sodat julle **kan weet** dat julle die **ewige lewe het**……."

Ons **weet**, daar bestaan by ons **geen twyfel** nie. Ons hemelse burgerskap het ons **alreeds** in besit geneem. Die dag toe ons **wedergebore** is, het ons **burgers** van 'n nuwe Koninkryk geword.

*****

By die lees van hierdie Woord is ons geneig om te dink dat die **ryk man** met al sy weelde en rykdom 'n **geslote hart** en 'n **geslote hand** teenoor Laserus gehad het,

Maar tog **glo ek nie** dit was die **geval** nie, ek glo hy het dalk goed na Laserus omgesien daar in sy poort, anders sou Laserus tog nie **daar vertoef** het nie. Hy sou 'n **ander plek** gaan soek het, waar iemand aan hom **voedsel** kon verskaf.

Ons kan aanvaar hy het hom wel **ontferm oor Laserus**, daarom het hy ook die **vrymoedigheid** om aan Abraham te vra dat **Laserus** aan hom **lafenis** sou bring.

Maar al het hy hom oor **Laserus ontferm**, kon hy tog **nie daardeur** die **saligheid beërwe** nie. Deur die mens se **goeie werke** word die mens nie **salig** nie.

Die **oorsaak** van sy verdoeming wat hy ontvang het moet ons **nie soek** in sy optrede teenoor Laserus nie, maar eerder **in die hart** van die rykman.

"Kind, onthou dat jy jou **goeie dinge in jou lewe ontvang** het,…"

Abraham noem hom tog **sy kind**, hy noem vir Abraham **Vader**. Hy was 'n **Jood** uit die **nageslag** van Abraham, 'n **Isrealie**t, geregtig op die belofte van die erflating. Hy het **deel gehad** aan die **verbond** wat God met Abraham gesluit het,

Maar dit kon hom ook **nie red nie**. Nie die **belofte van God** of jou **werke** kan jou **red**, as jou **hart nie reg** is nie.

Hier op aarde het hom **niks ontbreek** nie, hier benede het hy die **goeie gesoek** en **gevind** en dit ook **uitgeleef** en **geniet**.

Al sy kragte, al sy tyd, al sy geld, al sy aandag het hy **toegewy** aan die **aardse dinge**. Hy het sy **harsbegeertes** na die **stoflike dinge** versadig. Al sy **aardse begeertes** het hy **bevredig**.

Die **begeertes** van sy **siel** het hy **geplaas** op die **altaar** van die **wêreldse prag** en **praal**. Nooit, nie een dag was hy bekommerd oor sy ewigheid nie, nie een dag het hy **begeer** om **hemelse skatte** te bekom nie.

Ook sal hy nooit weer uit daardie **smarte** van die **hel** kom nie, nooit sal daar weer 'n **enkele gedagte** aan **troos** of **verkwikking** wees nie. Dit is die einde van alle hoop, na die v**erdoemenis** is daar **geen hoop** meer nie.

Self vanuit die **hemel** kan daar geen vertroosting of enige hulp kom nie.

Luk. 16:26 "En by dit alles is daar **tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig**, sodat die wat **hiervandaan wil oorgaan na julle**, **nie kan nie**; en die wat dáár is, **nie na ons kan oorkom nie**."

Daar is 'n **te groot skeiding** tussen die **ewige heerlikheid** en die **ewige hel** om te kan **oorbrug**. Daar **waar jy is** daar sal jy vir **ewig wees**, sonder **verlossing** vanaf die **ander kant**.

"Kind, **onthou"**……onthou… Onthou die **goeie** wat jy gehad het, dit wat jy **beleef** en **ervaar** het.

Hierdie **herinnering** in hom aan sy verlede **vreet** en **knaag** aan hom soos 'n **numereindigende wurm** wat **nooit wil sterf** nie, wat **nooit tot ruste** of tot **bedaring** wil kom nie.

Dit **vreet** en **verteer sy siel** soos 'n **gloeiende kool**. Sy gewete kan net nie gesmoor word nie, die foltering **duur voort dag** en **nag**, sonder einde tot in **alle ewigheid**.

"Kind, **onthou"**; onthou elke **sondedaad**, onthou elke **oortreding**, elke **onreine gedagte**, elke **verkeerde woord**, elke **bedrog**, elke **leuen**, elke **ongeregtigheid** wat jy teenoor **God gepleeg** het.

"Kind,onthou"……..Onthou tot in **ewigheid**.

Geliefdes, **Dit moet hel wees**!!!!!

Onthou elke keer wat God jou **geroep** het en jy nie **wou antwoord** gee nie. Elke **vermaning** en **teregwysing** wat jy verwerp het, onthou die **genade** van God wat jy **vertrap** het. "Kind, onthou…", Daarom ly jy vandag smarte.

Aangesien daar vir hom **geen hoop meer oor** is nie, kan sy **familie** immers **gehelp** word. Vader Abraham stuur asseblief vir Laserus om my **broers te gaan waarsku**.

Indien daar iemand **uit die dood** na hulle terugkeer, sal hulle tog **moet luister** en hulle **lewens verander**.

Maar Abraham ver**seker hom** dit sal **nie help nie**.

Luk 16:29 "Toe sê Abraham vir hom: Hulle het **Moses** en die **Profete**; laat hulle **na dié luister**.
:30 Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand **uit die dode** na hulle gaan, sal hulle **hul bekeer**.
:31 Maar hy sê vir hom: As hulle na **Moses** en die **Profete nie luister nie**, sal hulle **nie oortuig word nie**, al sou iemand ook **uit die dode opstaan**."

"Hulle het **Moses** en die **Profete**." Hulle het die **Woord van God**, indien hulle nie na God se **Woord wil luister** nie, sal **niks** hulle tot **ander insigte** bring nie.

Al sou iemand uit die **dood uit opstaan** om hulle **te waarsku** sal dit **niks baat** nie.

Ons het vandag **God se Woord**. Die mens wat nie na God se Woord **wil luister nie**, sal op geen wyse gered kan word nie.

Jesus het Self uit die **dode terugekeer** om ons te kom **waarsku**, as ons dit **verwerp**, kan **niks ons red** nie.

Ons moet **ook almal sterf**. Hoe sal ons sterf?

Hoeveel mense is daar vandag op hierdie aarde **wat begeer** om soos die **ryk man te lewe**, om hul lewe in **weelde** en **prag** en **praal** deur te bring sonder 'n oomblik se gedagte aan die **nagevolge**, sonder enige kommer oor die **saligheid**.

Waar is ons **skatte** vandag? Hoe staan ons **verhouding** met God?
Wat is die belangrikste: Die **tydelike** of die **ewige**.

Open. 20:13 "En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en **hulle is geoordeel**, **elkeen volgens sy werke**.
:14 En die **dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp**. Dit is die **tweede dood**.
:15 En as dit bevind is dat iemand **nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie**, is hy in die **poel van vuur gewerp**." Jes. 55: 6 " soek die Here terwyl Hy **te vinde** is…"

Aan hierdie kant van die graf is daar nog hoop, ons kan **God nog vind**.